Les 11: Hersiening

DOEL:

Om die kinders kans te gee om hersiening te doen van die eerste semester se lesse.

HULPMIDDELS:

- # lensiesop (sien resep aan einde van die les)
- # 1 kopie van die mannetjie buitelyn
- # 4 stelle van die antwoorde (op verskillende kleure gekopieer)
- # 4 potte of koeverte
- # prys vir die wenspan

HERSIENINGSKOMPETISIE:

Knip vooraf die 4 stelle antwoorde los van mekaar en plaas in 'n pot of koevert. Moenie die kleure meng nie. Vergroot die buitelyn mannetjie of teken oor op 'n groot vel papier en plak op teen 'n muur. Deel die groep in spanne op en gee aan elke groep 'n pot/koevert.

VRAE:

1. Wie was Jakob se broer?
2. Wat was Jakob se oupa se naam?
3. Waarmee het Jakob sy broer se eersgeboortereg gekry?
4. Met wie het Jakob eerste getrou?
5. Wie het wie se hakskeen vasgehou?
6. Watter soort skape kon Jakob vir homself hou?
7. Wie het Isak se seën gekry?
8. Na watter land het Jakob gevlug?

MOONTLIKE ANTWOORDE:

Ragel	Isak	Al die wit skape	Esau het Jakob s'n vasgehou
Haran	Esau	Midian	Jakob
Eli	Abraham	'n Stukkie wildsvleis	Die gestreepte en bont en swart skape
Laban	Lea	'n Pot lensiesop	Jakob het Esau s'n vasgehou

Vra nou die vragies. Elke groep moet die antwoord op die vraag soek tussen hulle antwoorde in die pot en hardloop om dit te kom opplak op die mannetjie. (Vir 'n kleiner groep kan een stel antwoorde tussen die groeplede opgedeel word , of elkeen kan 'n volledige stel antwoorde kry.)

Die wengroep is die groep wat die meeste antwoorde in hulle kleur op die groot vel papier kan kry. Nadat al die antwoorde opgeplak is, kan julle die antwoorde gebruik om hersiening te doen oor die kernmomente van die eerste 6 maande.

SPELETJIE:

Speel 'n variasie van "krappe en kraaie" met 2 spanne genaamd die Jakob span en Esau span. Hulle staan in 2 rye regoor mekaar, 1 meter uitmekaar uit. Jy maak stellings wat van toepassing is op die Jakob-span, die Esau-span of albei. Wanneer die stelling waar is vir jou span, moet jy vinnig wegspring en probeer om iemand van die ander span te vang om deel te word van jou span. Wanneer die stelling egter vir al twee spanne waar is, mag niemand beweeg nie. Die wat wel beweeg, moet oorbeweeg na die ander span. Kyk hoeveel Jakob's of Esau's daar aan die einde van die speletjie is.

STELLINGS VIR SPELETJIE:

1. Sy naam beteken rooi (Esau)
2. Rebekka se witbroodjie (Jakob)
3. Isak se seun (Albei)
4. Hou van by die huis wees (Jakob)
5. Hou van sop (Esau)
6. Was baie kwaad vir sy broer (Esau)
7. Sy ma se naam was Rebekka (Albei)
8. Het 2 vroue gehad (Jakob)
9. Sy oom se naam was Laban (Albei)
10. Het nie hare op sy arms gehad nie (Jakob)
11. Sy naam beteken bedrieër (Jakob)
12. Sy oupa was Abraham (Albei)





AFSLUITING:

Kuier lekker saam met die groep met lensiesop en broodjies.

Lekker Lensiesop

Bestanddele:
1 koppie lensies
3 koppies koue water
500g skenkelbeen
1 wortel en 1 ui
1 eetlepel gekapte pietersielie
¼ teelepel kerrie
¼ teelepel tiemie
sout en peper
1 eetlepel botter;
1 koppie melk
1 koppie meelblom

Was en week die lensies oornag in koue water.
Kerf die ui en wortel fyn en braai dit in die warm botter.
Voeg die geweekte lensies, die vleis, water en kruie by.
Verhit stadig tot dit kook en laat dit 2 uur lank stadig kook.
Vryf dit deur 'n sif en voeg die sout en peper by.
Verhit weer tot dit kook en voeg die meelblom, aangemaak met die melk daarby. Laat dit 15 minute lank kook.
Strooi die gekapte pietersielie bo-oor en dien dit op.